# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 250
15 Mei 2026

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel:** **Volhoubaarheid**

**Berigte:** **Kennisgewing - Geloftedag 2026**

**Litigasie**

**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Al om die sirkel**

Daar is meer as een beeld wat gebruik kan word om die kompleksiteit van mense en hul verhoudings te beskryf. Mense se benadering tot enige saak kan iewers op 'n spektrum geplaas word. Daar is bykans niks onder die son (of bo die son) wat nie uiteenlopende gedagtes en benaderings tot gevolg kan hê nie.

Vurige debatte woed nie net oor politiek of godsdiens nie. Troeteldiere, mode, mediese kennis, sport, sportspanne, opvoeding en die kosmos, almal (en nog meer) onder debat.

Dieselfde gebeurtenis kan wyd uiteenlopende reaksies tot gevolg hê. 'n Storm of droogte, elkeen gaan voorstanders hê; van skeppings balans tot klimaatverandering en alles tussen-in. Sommige mense gaan selfs aandring op optrede, hoe sinneloos dit ook al mag skyn te wees.

In die politieke sfeer is daar 'n interessante verskynsel of twee. Die verskil tussen links en regs, konserwatief of (sogenaamd) progressief, is relatief. Ons kan dit sien as twee punte op 'n lyn, met 'n middelpunt tussen die twee. Daardie middelpunt is nie vas nie. Die balans tussen die twee is onder andere afhanklik van die gemeenskap se perspektief. Indien die konserwatiewe persoon dieselfde perspektief bly handhaaf, maar die liberale persoon beweeg meer links in sy denke, skuif die middelpunt. Sonder om een gedagte te verander, is die konserwatiewe persoon se standpunt skielik ver regs, nie oor eie verandering nie, maar die verskuiwing van die middelpunt. Dit geld na die ander kant toe ook. Links word ver-links indien die gemeenskap meer behoudend raak in benadering.

Politieke retoriek kan ook gesien word as 'n sirkel. Die middelpunt van die omtrek is boaan die sirkel. Jou denke is na links of regs en jy beweeg al verder van die middel af, tot by 'n ekstreme punt waar jou standpunt die verste denkbaar van die middelpunt is. Daarna begin jou retoriek na die ander kant beweeg en kom jy aan die onderpunt van die sirkel waar jou standpunt totaal 'n ander pad gevolg het, maar (jou standpunt) klink soos jou teenstander se argumente en benadering.

Die beste manier om dit te illustreer, is om die politiek in die VSA te bekyk. Dit is veral die gesprekke rondom Donald Trump wat hierdie voorbeeld duidelik laat blyk.

Aan die een kant is daar die Demokrate wat geen ooghaar vir die man het nie (TDS – **T**rump **D**erangement **S**yndrome). Tog is daar 'n groep wat hom verduur en verdra. Daar is die ekstreme groep wat redeloos is teen enige iets wat met hom te make het. Daar is egter 'n groep wat nie kan wag om van hom ontslae te raak nie. Hulle retoriek is verwyderd van die werklikheid en grens aan die belaglike. Samesweringsteorieë floreer.

Aan die Republikeine (behoudend) se kant geld dieselfde. Daar is die mense wat hom ondersteun, daar is die MAGA (**M**ake

**A**merica **G**reat **A**gain), wat die verste punt regs van die sirkel verteenwoordig. Dan is daar die never-Trumpers, wat weer in hulle retoriek links begin beweeg tot die radikale Republikeine wat ten alle koste van Trump ontslae wil raak. Samesweringsteorieë floreer. Dit is nie net in politiek waar hierdie verskynsel gesien kan word nie.

Die geskiedenis van die kerk is vol skandes en skades. 'n Mens sou dink dat die Reformatore geleer het uit die inkwisisie se optredes. Te veel mense het op die brandstapel gesterf, bloot omdat hulle anders gedink het. 'n Mens sidder om te dink hoe anders dit kon verloop het indien Galileo Galilei daardie vurige pad moes stap. Tog het die Reformatore hulle eie brandstapels gepak en die anders-denkende mens om ander redes op dieselfde stapel laat beland.

Waar sien jy jouself op die spektrum? Watter saak ookal onder bespreking; waar staan jy? Oor enige saak is dit belangrik om jou denke en benadering te toets. So maklik verban ons mense naby aan ons hart na daardie brandstapel oor 'n saak wat geen waarde in die ewigheid het nie. Dit is veral in die kerk waar ons geneig is tot ekstreme standpunte. In die proses maak ons mekaar, onsself en ons saak seer.

Gehoorsaamheid aan God is die enigste radikale standpunt wat hoort by 'n gelowige. Dit is 'n heeltemal nuwe gesprek ...

Johan Otto

## BERIGTE

### KENNISGEWING – Geloftedag 2026

Vir die gewone leser mag dit voortydig skyn te wees. Diegene betrokke by die reël van die jaarlikse Geloftedag vieringe weet die sprekers en predikante moet nou reeds genader en bevestig word. Daar is tientalle terreine waar hierdie belangrike dag in ons jaar met eerbied en respek aangebied en bygewoon word. In November se uitgawe sal ons poog om die feeste, sprekers en terreine aan ons lesers bekend te stel. In 'n poging om besture te ondersteun, wil KOERSVAS geleentheid gee aan dorpe en komitees om hulle behoeftes in terme van sprekers en predikante/ouderlinge bekend te stel. Al is predikante nederig, is dit een geleentheid waar hulle met vrymoedigheid hulle dienste beskikbaar stel. Daar is ook sprekers wat Geloftedag eerbiedig en in hulle toesprake met die hart van ons volk kan praat. U word versoek om uself beskikbaar te stel.

Balmoral het laat weet dat hulle graag iemand uit die GHG sou wou gebruik om die diens te lei. Kontak johan.otto@geloofsbond.org.za met die behoeftes, versoeke en u beskikbaarheid.

### Litigasie

Hiermee bevestiging dat die saak tussen GHG gemeentes en die NHKA op 9 - 20 November 2026 in die Gauteng hooggeregshof aangehoor sal word. Gemeentes en lidmate word versoek om ten behoewe van ons saak ernstig te bid en finansieel ruim by te dra om hierdie saak van harte te ondersteun. Die einde is in sig!

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk ella@teamworkprinters.com